



1

Martial Law.

Wm. G. J. Nesper
 has permission to proceed to Port of Spain
 for the purpose of returning home
 Hanover
 8 Feb 1901.

C. J. ...
 Commandant

2

1. Van links na regs: P.J.Neser, G.O.Neser, M.M.Neser, A.T.Neser, A.E.C.Neser
2. 'n Verlofpas uitgereik aan P.J.Neser, 8 Feb 1901 te Hanover

Gabriël Oloff Neser *18.5.1901 +1.11.1988.

(b1c5d4e2)

Hy is en was seker een van die bekendste onderwysers in ons land; 'n ware geliefde "Mr Chips" van Suid-Afrika. Selfs as "Sot" in die dooptyd op Stellenbosch moes die skrywer deurloop: "Sot, is jy familie van Gordon en Neser?" Dit was n.a.v. die handboek, Gordon en Neser wat in Kaapland vir dekades as dié handboek in Natuur- en Skeikunde gebruik is, "en feitlik deel van onderwyser en leerlinge se spreektaal was." In een van die baie huldeblyke aan hom is gesê "... dat hy só uitgetroon het in sy gekose roeping, dat hy die titel van "Doyen van Wetenskaponderwysers" verwerf het."

Ons loop egter die storie vooruit en begin van voor: Volgens 'n huldeblyk deur dr. S.W.Walters, later oud-Direkteur van Onderwys van Kaapland in "Die Unie" van Junie 1981, is "G.O.Neser op 18 Mei 1901 op Poortjiesfontein in die distrik Hanover in die Karoo gebore. Tot groot ergernis van sy huisgenote het hy van kleins af insekte, geraamtes, klipwerktuie en Karoofossiele in die veld versamel en huistoe aangedra." Sy moeder het hom leer lees, skryf en reken totdat hy in standerd vier dorpskool toe is. Daarna is hy na die Hoër Jongenskool, Paarl. In 1918 matriculeer hy as dux-leerling van die skool wat die ontstaan van 'n lang verbintenis met die skool sou wees. Aan die Universiteit van Stellenbosch lê hy sy eksamens met lof (Cum Laude) af en behaal agtereenvolgens die grade B.Sc., M.Sc. en B.Educ. Hy was ook lid van die Studenteraad en Voorster van die Wetenskaplike Vereniging van die Universiteit.


Hy het sy onderwysloopbaan in 1926 aan die Hoër Volksskool, Graaff-Reinet begin totdat hy in 1929 diens aanvaar as senior wetenskaponderwyser aan sy ou alma mater, die Hoër Jongenskool Paarl, "vanwaar, tot sy aftrede in Maart 1958, sy invloed op die wetenskaponderwys landwyd uitgekling het." (Die Unie Junie 1981 bl 296). Hy is in 1940 met mej Ruth Dodds getroud wat 'n musiekonderwyseres by die Hoër Meisieskool was. Daar is twee dogters uit die huwelik gebore.

Ons haal weer aan uit "Die Unie:"

"In 1930 word hy die eerste redakteur van die Wetenskap- en Wiskunderubriek van "Die Unie"; in 1959 is hy verkies tot President van die Vereniging van Kaaplandse Wetenskaponderwysers en in 1960 bereik hy die lank gekoesterde ideaal van 'n eie vakblad vir wetenskaponderwysers met die stigting van Die Wetenskaponderwyser - The Science Teacher. Benewens sy talle bydraes op die terrein van die natuurwetenskap en die wiskunde tot Die Afrikaanse Kinderensiklopedie, Die Unie, Die Wetenskaponderwyser en Spectrum, is hy ook medeskrywer van verskeie skoolhandboeke, waaronder



1



2

1. G.O.Nesor met die Erepennig van die Federasie van Verenigings van Wiskunde- en Wetenskaponderwysers wat in 1971 aan hom toegeken is.
2. 'n Spotprent uit die jaarblad van Hoër Jongeskool Paarl oor G.O.Nesor.

Natuur- en Skeikunde vir Senior Sertifikaat (1937), Skeikunde vir Senior Sertifikaat (1939), Gekoördineerde Algemene Wetenskap (1946), Progressiewe Algemene Wetenskap(1966), Moderne Algemene Wetenskap (1968) en Basiese Senior Natuur- en Skeikunde (1969)." (En nou moet ons nie die bekende of beroemde "Gordon en Nesor" vergeet waarna daar alreeds verwys is nie.)

"George Nesor het dit as sy roeping gesien om die wêreld van die natuurwetenskap aan die jeug te vertolk. Dat hy hierin uitmuntend geslaag het, getuig die vele oud-leerlinge wat reeds diep spore in natuurwetenskaplike studie- en beroepsrigting getrap het. Maar miskien word die oortuigendste bewys van die trefwydte van sy inspirerende invloed gelewer deur die talle oud-leerlinge van "Boishaa" wat die skool besoek om "net by ou George se lab in te loer". Elkeen het 'n staaltjie te vertel en die oë vonkel van herinneringe - soet en minder soet! "Daar word vertel dat as 'n oud-leerling verneem hoe dit by die skool gaan, is die volgende vraag amper altyd "En met mnr Nesor?"

Buite die klaskamer het hy ook waardevolle dienste gelewer. Vir jare was hy die organiseerder van atletieksake van die skool en was ook voorsitter van die W.P. Plattelandse Skole-atletiek-unie. In die Boy's High School Annual 1957 word in 'n huldeblyk vertel-

"His best subjects were Mathematics and Science, but imagine my surprise when on turning the pages of the 1917 and 1918 Annuals, I came upon his contributions written not in prose but in verse. ... So if George had not become infatuated with test-tubes, retorts, induction coils and the like, he might have been a poet of name."

en ons haal weer aan :

Thoughts of Home.

When the day of toilsome labours,
 Long has had its curtain drawn,
 And the moons, 'mid silv'ry splendour'
 Does the sky above adorn.
 And my spirit sore depressed,
 By the happ'nings of the day,
 Seems to quit the dim surroundings
 And goes wand'ring far away.
 Far o'er mountains, valley river,
 To the sweet parental home,
 Where in childhood's happy hours
 Once my infant feet did roam.

U moet erken dis uitstekende gebruik van die tweede taal vir 'n seun wat maar sestien jaar oud was. Daar volg nog vyf verse en dan 'n gedig in Afrikaans-Nederlands! Daar word ook vertel van "George se teleskope" en dat hy reeds in 1930 self 'n paraboliese spieël vir sy groot teleskoop geslyp het, glo een van die eerstes in die land. Prakties was hy ook, soos die skrywer van die jaarblad verder vertel-

"Visit his workshop in the basement of his house. His chisels, vices, electrical drills, saws and lathes are not there for show. He has devised many a useful gadget and pieces of apparatus for the science laboratory. The sundial in front of the school, the one on the east side of the secondary block - his designs and constructions. The sundial erected at Arbeidsgenot, Langenhoven's home, was constructed and erected by him, on request. Indeed a man of many parts."

Hy was van 1929 tot 1949 volle lid van die American Chemical Society en vanaf 1931 lid en later bestuurslid en nog later lewenslid van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van die Wetenskap. Hy was vir baie jare lid van die Argeologiese, die Botaniese en die Sterrekundige Verenigings van Suid-Afrika.

Geen wonder dus dat hy in 1975 bekroon is met die Erepennig van die Akademie vir Wetenskap en Kuns, vir Wetenskaplike Vakbevordering nie; maar wat hierdie toekenning besonder maak, is dat hy die eerste ontvanger van die penning was. Ons sluit af met 'n aanhaling uit Die Unie van 1 September 1958:

"Wat George Nesor vir Wetenskaponderwys in Kaapland beteken het, is moeilik meetbaar en ons wil dit ook nie probeer doen nie. Sy gelyke is baie dun gesaai."

Laat ons haas om te sê dat sy waarde vir ons land nie net in Kaapland raakgesien is nie, want met sy dood in 1988 het huldeblyke ook in twee Transvaalse koerante The Star en Beeld verskyn, laasgenoemde onder die opskrif, "George Nesor (87) sterf ná groot onderwys-bydrae."

Augustus Tiberius Nesor *11.10.1915

(b1c5d4e3)

Die besonderhede van dr. Gus se lewe en sy jare van diens in die mediese beroep en veral op die gebied van patologie word volledig in Hoofstuk 11 vertel.

Pieter Jacobus Nesor *3.10.1943

(b1c5d4e3f1)

Pieter is die oudste kind van Augustus Tiberius(hierbo) en Thelma Nesor en is op Johannesburg gebore en was op St Andrew's skool, Bloemfontein, op skool waar hy gematrikuleer het.

Piet het sy professionele loopbaan vroeg in die sestigs begin. Hy het deelyds studeer en 'n B.Admin. Honneurs-graad met hoofvak, Industriële sielkunde aan UOVS behaal. Hy het ook 'n Nasionale Diplooma in Ingenieurswese verwerf asook 'n sertifikaat van die Instituut van Eiendomsagente.

Hy het verskeie poste in die tegniese en bestuursveld beklee. Op die oomblik tree hy op vir die SAUK in Johannesburg, as 'n opleidingspesialis in resultaat gemikte bestuur. Afgesien van die aanbod van kursusse is hy 'n praktiserende programleier vir Kepner Tregoe, en het twee keer die "Award of Excellence" toekenning vir besondere "bottom line" besparings in die organisasie ontvang. Hy is 'n gekwalifiseerde gedragsleer analis en het uitgebreide ondervinding in konsultasie met betrekking tot organisatoriese probleme. Hy is vir 27 jaar aan die SAUK verbonde.

Piet is op 28 Junie 1969 met Anna Maria Naude op Bloemfontein getroud, wat op UOVS die graad B.Sc. H.O.D ontvang het. Daar is vyf kinders uit die huwelik gebore waarvan 3 seuns en 2 dogters is. Die twee oudstes is Juane-Marie wat 'n B.Admin op UOVS behaal het en Augustus Tiberius wat 'n C.I.E.A het en tans met 'n waardeerderskursus by die Technikon R.S.A. besig is.

Christiaan Friedrich Nesor *20.10.1949

(b1c5d4e3f3)

He is the third child of Augustus Tiberius (b1c5d4e3) and Thelma Nesor and spent his early years in Bloemfontein where he Matriculated at St Andrew's School in 1968. He obtained a B.Sc. Electrical Engineering at U.C.T. in 1974 and a M.B.L. at UNISA in 1986.

Chris, as he is known is married to Marlene Heather Phillips and they have a son, Friedrich and a daughter Clare. Of interest is the fact that Chris speaks Afrikaans to the children while Marlene speaks English to them, accordingly they are fully bilingual. In addition they are at the Frans du Toit High School a Dual Medium school.

After graduating at U.C.T., Chris joined the National Hospital, Bloemfontein in 1975 as a Junior Bio-Engineer and there his main activity was developing electronic computer interfaces for medical students and maintaining the linear accelerator. In 1976 he joined the large copper and phosphate mining company